# NUUSBROKKIES

## Sondag 14 April 2024

### LIEF EN LEED

**Beterskapwense**

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

**Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag**



| | |
|---|---|
| 12 April | Ds NP (Philip) Wepener – GK Ladysmith / Harrismith |
| 13 April | Ds PGP (Pieter) le Roux – GK Wonderboompoort |
| | Mev P (Pia) Pelser, eggenote van ds HFR (Riekert) Pelser – GK Kemptonpark |
| 14 April | Mev N (Nicolene) van Vuuren, eggenote van ds TJ (Tommie) van Vuuren – GK Heilbron |
| 16 April | Mev AME (Lizanne) Aucamp, eggenote van ds JP du P (Johannes) Aucamp – GK Rietvallei |
| | Mev A (Annerie) Saaiman, eggenote van dr De W (De Wet) Saaiman – GK Krugersdorp |
| 17 April | Mev G (Gretha) van Wyk, eggenote van dr G (Griffel) van Wyk – GK Rustenburg |

**Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae**

| | |
|---|---|
| 12 April | Ds DJ (Daan) Malan – GK Lindley |
| 14 April | Mev HE (Hettie) Grové, eggenote van dr AH (André) Grové – GK Klerksdorp-Noord |
| 15 April | Mev I (Ietje) du Plessis, weduwee van ds G (Deon) du Plessis – GK Wilropark |
| 16 April | Mev T (Tharina) Scheepers, eggenote van ds LC (Lukas) Scheepers – GK Sannieshof |
| 17 April | Ds PJ (Johan) Nel – GK Akasia |

**Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaardag**

11 April Prieur du Plessis

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

## Verlowing



**Hartlike gelukwense aan** teologiese student Markus Venter en Natasha Venter wat op 5 April 2024 verloof geraak het.


---

## *GEDAGTE VIR DIE WEEK*

Sonder ophou sal ek
van u verlossingswerk,
van u reddingsdade bly praat,
want hulle is meer as wat ek kan tel.
*Psalm 71:15*

---

## Boekbekendstelling




***Bemoediging aan 'n jong pastor*** – oordenkings vanuit 2 Timoteus onder redaksie van Francois P Viljoen en Albert J Coetsee

Beskikbaar by die AdminBuro teen R100 per eksemplaar (koerierdienste en verpakking uitgesluit)

Bestel by: bestellings@gksa.co.za of skakel 018 297 3986

Ook in Engels beskikbaar as: ***Encouragement to a young pastor***



# KERKLIKE ADMINISTRASIE

## Beroepe ontvang

- Ds RA (Ronald) Bain van GK Oranjerivier na GK Naboomspruit
- Ds JL (Jan-Louis) Lee van GK Brits na GK Magol
- Ds R (Ruan) Steyn van GK Tsumeb (Oshakati) (Namibië) na GK Middelburg (Mpumalanga)
- Ds EA (Erasmus) Venter van GK Okahandja (Namibië) na GK Buffeldoorns

## Beroepe bedank

- Ds R (Reinhart) Boersema van GK Vryburg na GK Vryheid

## Bevestigings



**Ds Gerrit Kruger**, word op Sondag 14 April 2024 as predikant by GK Burgersdorp bevestig. Die bevestiging word deur sy skoonseun, ds Dirk Meijer van GK Bloemburg, behartig.



**Proponent Christiaan Swanepoel**, word op Saterdag 20 April 2024 as predikant van GK Derdepoort bevestig. Die bevestiging word deur prof Ferdie Kruger van die TSP behartig.

Ds Swanepoel lewer sy intreepreek op Sondag, 21 April 2024.

## Proponente beroepbaar gestel

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | Proponent KN Lepodise (Koketso)<br>Sel: 073 717 4394<br>E-pos:<br>koketsolepodise@gmail.com |  | Proponent Thina Nthangeni<br>Sel: 072 085 7146<br>E-pos:<br>tcnthangeni@gmail.com<br>of nthangenit@elections.org.za |
|  | Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose<br>Sel: 063 211 9497<br>E-pos:<br>pastormatroseinfo@gmail.com | | |



**Vroegherfs**

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rookvaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte môre witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
Laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat u wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

*NP van Wyk Louw*